

## OORSIG

Media24 het redelike resultate vir die finansiële jaar behaal, met 'n effense toename in totale omset op 'n jaar-tot-jaar-grondslag tot R4.7mjd en 'n afname van 9% in handelsverlies tot R334m. Die winsgewendheid van die volwasse besighede (koerante, tydskrifte, drukverspreiding en boekuitgewery) het aansienlik verbeter gedurende die oorsigtydperk. Terselfdertyd het ons groeiëbesighede (digitale media, e-handel e-handelsvervulling, werwingsadvertensies en aanlyn dienste) sterk omsetgroei getoon teenoor die vorige jaar. Ons het steeds in digitale media en e-handel belê om die groep vir die toekoms te diversifiseer, terwyl werksaamhede gerasionaliseer en die kostebasis verlaag is deur op ons hoof digitale nuushandelsmerke te fokus. Aanlyn gehore en gebruikersbetrokkenheid bly beduidend en verskeie inisiatiewe is geloods om die gebruikerservaring met slim tegnologie te verbeter.

## BEDRYFSOORSIG

### Optimale benutting van ons volwasse portefeulje

Ondanks 'n 7% jaar-tot-jaar-daling in omset het ons drukmedia-afdeling (Nuus, Leefstyl en On the Dot) sy wins meer as verdubbel en die hoogste wins in meer as 'n dekade aangeteken, danksy drukkontrakte wat herbeding is asook kostebesparingsinisiatiewe.

Media24 het sy drukmedia-reikwydte gehandhaaf – agt uit elke tien koerante en tydskrifte wat deur Suid-Afrikaanse volwassenes in gedrukte formaat of aanlyn gelees word, is Media24-publikasies – en sy advertensie- en sirkulasie-markleierskap in albei sektore behou. Ons gee vyf van die top tien betaalde koeranttitels uit, waaronder Soccer Laduma, in die tweede plek kort agter die Sunday Times. Media24 Leefstyl gee ses van die top tien verbruikerstydskrifte uit, en dit sluit die top vier in.

Die Burger het die frekwensie van sy Oos-Kaapse uitgawe van ses dae tot slegs Vrydae in gedrukte formaat verander, met digitale uitgawes wat Maandag tot Vrydag beskikbaar is. Ongeveer 90% van intekenare op gedrukte uitgawes is belang en die meeste het oorgeskakel na betaalde intekening op Netwerk24, terwyl Vrydag-verkope van die gedrukte weergawe oor die afgelope jaar met 5% toegeneem het.

On the Dot het beduidende vordering gemaak om 'n veranderlikekoste-basis op te bou deur pakhuse en verspreiding gedeeltelik uit te kontrakteer, en sy hoogste wins nóg aangeteken.

Media24 het die minderheidsaandeel in Soccer Laduma en New Media Publishing verkry en by die besigheid geïnkorporeer. Soccer Laduma verdien nou meer inkomste uit digitale advertensies as gedrukte advertensies en het ook die hoogste wins in sy 20-jarige geskiedenis aangeteken.

Ons landwyse netwerk van gemeenskapskoerante verdien 'n spesiale vermelding met hul hoogste wins van alle tye.

VIA bly die gewildste leefstylkanaal op DStv onder Afrikaanse kykers, met 'n gesonde reikwydte van 27% in hierdie segment – ongeveer driedubbel sy kontrakvereiste. Inkomste uit borgskappe het met 36% gestyg, en inkomste uit lugtyd met 63%.

Ons Boeke-afdeling het die afgelope jaar beperkte sukses behaal. Uitstekende skoolboekverkope in Suid-Afrika is teengewerk deur 'n trae ekonomie wat handelsverkope belemmer het, geen laerskoolboekbestellings van die Botswana-regering nie, en teleurstellende verkope van akademiese handboeke ná 'n onverwagte verandering in die uitbetalingsbeleid van die Nasionale Studentehulpkema (NSFAS).

### Fokus op ons groeiportefeulje

Met die inkorporasie van Spree en Superbalist (Naspers se ander plaaslike e-modekleinhandelaar) by Fashion United SA (FUSA) op 1 Oktober 2018, besit Media24 nou 50.95% van die grootste e-modekleinhandelaar in Suid-Afrika. Omset het jaar tot jaar 90% gegroei as gevolg van die vinnige groei in e-handel oor die algemeen, en die samesmelting met Superbalist. In die samesmeltingsproses het Media24 egter beduidende verliese gely weens voorraad en ander waardedalings.

Onder Suid-Afrikaanse uitgewers is 24.com die onmiskenbare leier met 'n teikenmarkaandeel van 35%. Daaglikse unieke gebruikers het met 3% tot 1.64m gestyg en die gemiddelde daaglikse unieke bladlese met 3.2% tot 13.5m. Toegang via mobiele toestelle is nou ongeveer 89%. Ons het in vennootskap met Oovuu 'n video-inhoudplatform geloods wat sy teiken van 1m maandlikse kyke binne drie maande oortref het. Netwerk24 het sy betalende intekenaarbasis jaar tot jaar met 32% opgestoot tot net onder 50 000, en daarmee sy posisie versterk as die grootste betaalmuur-nuusdiens in die land.

24.com het sy omset jaar tot jaar met 5% verhoog en sy verlies met 36% verlaag, danksy 'n kombinasie van omsetgroei, kostebesnoeiing en die sluiting van sy alleenstaande nuus-samevoegers. Met die sluiting van laasgenoemde kan ons ook nou ons beperkte ingenieurskapasiteit ten volle toespits op ons twee hoofnuushandelsmerke: News24 en Netwerk24. Business Insider South Africa het binne drie maande tot die top posisie in die sakesektor gestyg en sy omsetverwagtings verreweg oortref.

Media24 was die eerste digitale uitgewer in die wêreld wat Google se tegnologiebondel vir die verkope van prestasie-gedrewe advertensies verkry het om ons vermoë te verbeter om teiken gehore te teiken in ons strewende om ons markaandeel van digitale advertensie-inkomste te verhoog.

## DIREKSIE

Op 31 Maart 2019 het Debra Meyer, Salie de Swardt, Manie Mayman en Ruda Landman uitgetree as direkteure van Media24. Hein Willemse het op 30 Junie 2018 uitgetree. Die direksie bedank hulle vir hul waardevolle bydrae tot en toewyding aan Media24 oor die jare. Hul unieke bydraes word hoog op prys gestel en sal gemis word.

Esmaré Weideman en Khomotso Mthimuny is onderskeidelik met ingang 1 April 2019 en 17 April 2019 as nie-uitvoerende direkteure aangestel. Soos voorheen gerapporteer, is Ishmet Davidson op 1 Oktober 2018 as groep uitvoerende hoof en uitvoerende direkteur van die Media24-direksie aangestel. Mobasheer Patel, groep finansiële hoof van Media24 sedert 1 September 2018, is vanaf 1 Desember 2018 ampshalwe as Media24 se uitvoerende direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie aangestel. Kort biografiese besonderhede van al die direkteure verskyn op Media24 se webwerf.

## FINANSIËLE OORSIG

Media24 se omset het op 'n jaar-tot-jaar-grondslag effens toegeneem tot R4.7mjd en handelsverlies het met 9% afgeneem tot R334m oor hierdie tydperk. Kernwesensverdiensle het met 46% jaar tot jaar verbeter, hoofsaaklik as gevolg van die veranderinge in ons minderheidsaandeelhouing. Dit is verbydend dat handelswinst in die volwasse portefeulje danksy laer drukpryse en volgehoue kostebesparingsinisiatiewe jaar tot jaar met 73% verbeter het, ondanks 'n afname van 7% in omset. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het in ooreenstemming metstrukturele dalings in die bedryf afgeneem, terwyl inkomste uit boekuitgewery met 7% afgeneem het weens minder handboekbestellings.

Die groeiportefeulje het jaar tot jaar beduidende omsetgroei van 42% behaal, met inagneming van die impak wat die konsolidasie van die FUSA-resultate in die tweede helfte van die jaar gehad het. Die groeiëbesighede het steeds belê om skaal uit te brei. Dit het, tesame met waardedalings in ons e-modekleinhandelaarbeseigings ná die samesmelting met Superbalist, daartoe gelei dat handelsverliese 36% hoër was as in die vorige jaar.

Kontant wat in bedryfsaktiwiteite aangewend is, is deur die handelsverlies vir die tydperk en hoër bedryfskapitaalvlakke geraak, hoofsaaklik weens die tydskerekening van voorraadaankope. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër beleggingsinkomste en laer belasting wat betaal is in vergelyking met die vorige tydperk.

Media24 het steeds 'n goed gekapitaliseerde balansstaat om sy groeistategieë na te streef, met R1.2mjd kontant hulpbronne wat beskikbaar is om ons werksaamhede asook groei- en diversifikasiestrategieë in die afienbare toekoms te befonds.

## DIVIDEND

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R42m (2018: R42m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word, onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 26 Augustus 2019.

## WELKOM YIZANI

Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (Welkom Yizani), wat in 2006 gestig is as Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging, het in 2013 begin om sy aandeel op 'n aandeelverhandelingsplatform te verhandel. Tussen 2016 en 2017 het Naspers Beperk, die voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani sedert aanvang, voorkeuraandeelskuld en opgeloopte rente ten bedrae van R434m kwytgeskeld wat Welkom Yizani ingevolge die reëls van die skema aan hom verskuuldig was. Welkom Yizani-aandeelhouers kon dus sedert 2017 onmiddellike ekonomiese voordeel uit hul aandeel verkry.

Welkom Yizani het op 23 November 2018 sy sakê in ooreenstemming gebring met die Wet op Finansiële Markte van 2012 (FM-wet), toe hy sy aandeel op die Equity Express Securities Exchange (ESEE) genoteer het. Op 31 Maart 2019 het Welkom Yizani 88 213 (2018: 89 166) aandeelhouers gehad.

Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word op 26 Augustus 2019 gehou. Die direksie van Welkom Yizani beveel aan dat 'n gewone dividend van R6.2m (2018: R6.2m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel (2018: 42.5 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Ná aftrekking van dividendbelasting sal Welkom Yizani gewone aandeelhouers 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2018: 34 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van dividende is onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergaderings op 26 Augustus 2019.

## AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate word opgestel ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state. Laasgenoemde is opgestel in ooreenstemming met die raamwerkbegrippe, en metings- en erkenningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saam met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate gelees word. Die rekeningkundige beleidie toegepas in die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële state waaruit die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate saamgestel is, is gegrond op IFRS en is konsekwent met die rekeningkundige beleidie wat in die voorbereiding van vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

Handelwinst sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernwesensverdiensle sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrybare term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslagdoening gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Mobasheer Patel GR(SA), finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep.

Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op Media24 se webwerf by [www.media24.com](http://www.media24.com).

## VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Hierdie aankondiging van jaarresultate is 'n uittreksel van die geouditeerde inligting, maar is nie opsigselfstaande geoudit nie. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat 'n ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het, geoudit. Hul ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar (kontak: Mobasheer Patel). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie. Die direkteure neem volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van die aankondiging van jaarresultate. Die inligting is korrek uit die onderliggende gekonsolideerde finansiële jaarstate onttrek.

Namens die direksie

<b>Rachel Jafta</b> <i>Voorsitter</i> Kaapstad 14 Junie 2019	<b>Ishmet Davidson</b> <i>Uitvoerende hoof</i>
---	---

## OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>Voortgesette bedrywigehede</b>		
<b>Omset</b>	4 714	4 686
Koste om dienste te lever en goedere te verkoop	(3 518)	(3 510)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	(1 572)	(1 566)
Ander netto winste	9	17
<b>Bedryfsverlies</b>	(367)	(373)
Rente ontvang	79	68
Rente betaal	(5)	(8)
Ander netto finansieringskoste	2	(8)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	(2)	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	20	19
Waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	(16)	–
Winst met verkoop van beleggings	4	10
<b>Verlies voor belasting</b>	(285)	(294)
Belasting	(21)	(35)
<b>Verlies uit voortgesette bedrywigehede</b>	(306)	(329)
Verlies uit beëindigde bedrywigehede	–	(36)
<b>Verlies vir die jaar</b>	(306)	(365)
<b>Toeskryfbaar aan:</b>		
Aandeelhouers van die groep	(255)	(500)
Nie-beherende belang	(51)	135
	(306)	(365)
<b>Voortgesette bedrywigehede</b>		
<b>Kernwesensverlies vir die jaar</b>	(190)	(353)
<b>Wesensverlies vir die jaar</b>	(216)	(381)

## REKONSILIASIE VAN BEDRYFSVERLIES NA HANDELSVERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>Voortgesette bedrywigehede</b>		
<b>Bedryfsverlies</b>	(367)	(373)
Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	14	3
Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	28	19
Ander netto winste	(9)	(17)
<b>Handelsverlies</b>	(334)	(368)

<b>Direkteure</b> R C C Jafta (voorsitter), M I Davidson (uitvoerende hoof), T D Petersen, J P Bekker, K R Mthimuny, J C Held, E Weideman, M Patel
---

<b>Groepmaatskappysekretaris</b> L J Klank
---

## OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>Verlies vir die jaar</b>	(306)	(365)
<b>Totale ander omvattende verlies, ná belasting, vir die jaar</b>	(5)	(214)
Kontantvloeskanses	–	24
Aktuariële hermetingsreserwe	24	(42)
Billikewaarde-reserwe	(22)	(177)
Beweging in ander reserwes	(7)	(12)
Belasting op ander omvattende inkomste	–	(7)
<b>Totale omvattende verlies vir die jaar</b>	(311)	(579)
<b>Toeskryfbaar aan:</b>		
Aandeelhouers van die groep	(260)	(720)
– Voortgesette bedrywigehede	(260)	(583)
– Beëindigde bedrywigehede	–	(137)
Nie-beherende belang	(51)	141
<b>Totale omvattende verlies vir die jaar</b>	(311)	(579)

## OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>Saldo aan die begin van die jaar</b>	1 157	2 951
<b>Totale omvattende verlies vir die jaar</b>	(260)	(720)
<b>Veranderings in ander reserwes</b>	73	199
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	2	(44)
Beweging in ander reserwes	90	87
Beweging in behoue verdienste	23	(9)
Dividende aan aandeelhouers betaal	(42)	(1 275)
Inskrywing op B- gewone aandeel	–	1 440
<b>Veranderings in nie-beherende belang</b>	139	(1 273)
Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar	(51)	141
Dividende aan minderhede betaal	(6)	(117)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	196	–
Novus-ontbondeling	–	(1 297)
<b>Saldo aan die einde van die jaar</b>	1 109	1 157
<b>Bestaande uit:</b>		
Aandeelkapitaal en -premie	4 867	4 867
Opgelepe verlies	(2 811)	(2 536)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	11	12
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	(3 434)	(3 527)
Kapitaalbydrae	2 517	2 517
Aktuariële hermetingsreserwe	(34)	(59)
Billikewaarde-reserwe	(200)	(177)
Valuatoemrekeningsreserwe	2	9
Nie-beherende belang	191	51
<b>Totaal</b>	1 109	1 157

## OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Soos op 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>BATES</b>		
Nie-bedryfsbates	1 089	958
Bedryfsbates	2 236	2 442
<b>Totale bates</b>	3 325	3 400
<b>EKWITEIT EN VERPLIGTINGE</b>		
Kapitaal en reserwes	1 109	1 157
Nie-bedryfslaste	398	403
Bedryfslaste	1 818	1 840
<b>Totale ekwiteit en verpligtinge</b>	3 325	3 400

## OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
Kontantvloei aangewend in bedryfsaktiwiteite	(265)	(163)
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	(33)	(52)
Kontantvloei uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite	207	(113)
<b>Netto beweging in kontant en kontantekwivalente</b>	(91)	(328)
Valuatoemrekeningsaanpassings	2	–
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	299	218
Beweging in kontant weens beëindigde bedrywigehede	–	409
<b>Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar</b>	210	299

## VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREKLIKHEDE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
Kapitaalbesteding	15	4
Bedryfsuurverpligtinge	146	195
<b>Verpligtinge</b>	161	199

## FINANSIËLE INSTRUMENTE

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2019 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste (vlak 1) R'm	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) R'm	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) R'm
Die billike waarde van die groep se finansiële instrumente wat teen billike waarde vir elke verslagdoeningstydperk gemeet word, word soos volg gekategoriseer:			
<b>Bates</b>			
Billike waarde deur ander omvattende inkomstebeleggings	255	–	–
Valutakontrakte	–	1	–
<b>Laste</b>			
Toekomstige voorwaardelike betalings	–	–	19
	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:		
<b>Bates</b>			
Billike waarde deur ander omvattende inkomstebeleggings	278	–	–
<b>Laste</b>			
Valutakontrakte	–	7	–
Toekomstige voorwaardelike betalings	–	–	27

## BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2019 R'm	2018 R'm
<b>Voortgesette bedrywigehede</b>		
<b>Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers</b>	(255)	(352)
<i>Aangesuiwer vir:</i>		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	20	3
– Verlies/(winst) met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	3	(20)
– Waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	16	–
– Winst met verkoop van beleggings	–	(12)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	–	–
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	–	–
<b>Wesensverlies</b>	(216)	(381)
<i>Aangesuiwer vir:</i>		
– Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	8	3
– Valuta(winst)/-verliese	(3)	4
– Erkennings van uitgesteldebelasting-bates wat verband hou met verliese gedurende die vorige jaar	(4)	–
– Hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	(3)	2
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	28	19
<b>Kernwesensverlies</b>	(190)	(353)

## BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

	Jaar geëindig 31 Maart 2019	
--	-----------------------------	--